**MUNISIPALITEIT SWARTLAND**

**KENNISGEWING 94/2017/2018**

**GELEENTHEID OM KOMMENTAAR TE LEWER:**

**(1) HERSIENING VAN DIE 2017-2022 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE**
**(2) KONSEP 2018/2019, 2019/2020 EN 2020/2021 MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING EN VERWANTE DOKUMENTE**
**(3) KONSEP WYSIGINGS AAN DIE EIENDOMSBELASTINGSBELEID**
**(4) KONSEP WYSIGINGS AAN DIE PRESTASIE-AANWYSERS EN TEIKENS VIR 2018/2019**
**(5) KONSEP DIENSLEWERINGS- EN BEGROTINGSIMPLEMENTERINGSPLAN VIR 2018/2019**
**(6) KONSEP GEWYSIGDE PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSTRATEGIE**

---

**KENNIS GESKIED HIERMEE** dat die volgende dokumente in terme van artikel 21A van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 vir kommentaar ter insae lê:

- Hersiening van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan in terme van artikel 34(a) van die Wet op Munisipale Stelsels, 2000;
- Konsepbegroting (met inbegrip van voorgestelde eiendombelastings, heffings en tariewe), opgestel in terme van Hoofstuk 4 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003, saamgelees met die vereistes in die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting Wet met inbegrip van die advertering van die jaarlikse belastingskoers en beleid;
- Begrotingsverwante beleide;
- Konsep wysigings aan die prestasie-aanwysers en teikens vir 2018/2019 van sekere afdelingshoofde;
- Konsep dienslewerings- en begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) vir 2018/2019 wat ook die prestasie-aanwysers en teikens vir 2018/2019 van die munisipale bestuurder en direkteure bevat; en
- Konsep gewysigde plaaslike ekonomiese ontwikkelingstrategie.

**KENNIS GESKIED HIERMEE** dat die konsep wysigings aan die Eiendomsbelastingsbeleid ingevolge artikel 4 van die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelastingwet, 2004 vir kommentaar ter insae lê.

**KENNIS GESKIED HIERMEE** ingevolge artikel 46(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 dat die munisipale raad van Swartland Munisipaliteit die waterbates (vir doeleindes van die korrekte te boekstelling in Swartland Munisipaliteit se finansiële rekords) vanaf die Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM) moet oorneem gebaseer op ‘n funksionele verdeling en gepaardgaande eksterne lenings van die WKDM ten bedrae van ±R24,4 miljoen. Die voormelde hou nie verband met nuwe lenings nie, maar is 'n vereiste in terme van die Rekeningkundige Raamwerk en gepaardgaande GRAP-standaarde.

Die dokumente is beskikbaar op die Munisipaliteit se webwerf (www.swartland.org.za) met ingang van 30 Maart 2018 vir kommentaar, sowel as by die volgende punte:

| | | |
|---|---|---|
| MALMESBURY | : | Munisipale Kantore |
| | : | Malmesbury Biblioteek |
| | : | Wesbank Biblioteek |
| MOORREESBURG | : | Munisipale Kantore |
| | : | Biblioteek |
| KORINGBERG | : | Poskantoor |
| RIEBEEK-KASTEEL | : | Munisipale Kantore |
| | : | Biblioteek |
| RIEBEEK-WES | : | Munisipale Kantore |
| | : | Biblioteek |
| DARLING | : | Munisipale Kantore |
| | : | Darling Noord Biblioteek |
| YZERFONTEIN | : | Munisipale Kantore |
| ABBOTSDALE | : | Biblioteek |
| CHATSWORTH | : | Biblioteek |
| KALBASKRAAL | : | Cobblestone Winkel |
| RIVERLANDS | : | Highway Kafee |

**INDIENING VAN INSETTE OF KOMMENTAAR** - Kommentaar of insette moet die Munisipaliteit skriftelik voor/op Donderdag, 3 Mei 2018 om 12:00 bereik en moet gerig wees aan:

**Die Munisipale Bestuurder**

Swartland Munisipaliteit
Privaatsak X52
7299, Malmesbury

Persone wat nie kan lees of skryf nie word aangemoedig om gedurende kantoorure die munisipale kantoor op Malmesbury te besoek, waar hulle deur me Nicolette Brand bygestaan sal word om hulle kommentaar skriftelik te formuleer.

Navrae kan gerig word aan:

- Hilmary Papier (2018/2019 konsep begroting en verwante dokumente) by 022 487 9400 of PapierH@swartland.org.za
- Leon Fourie (GOP, prestasie-aanwysers en teikens, SDBIP en PEO strategie) by 022 487 9400 of leonfourie@swartland.org.za

**MUNISIPALE KANTOOR**
**PRIVAATSAK X52**
**MALMESBURY**
**7299**

**JJ SCHOLTZ**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**3 April 2018**